



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2: SKRYF

NOVEMBER 2008

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(40 punte)
AFDELING B:	Langer transaksionele tekste	(20 punte)
AFDELING C:	Korter tekste: transaksioneel/ naslaan/informatief	(20 punte)


2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf die nommer en die onderwerp wat jy kies, duidelik boaan elke vraag.

4. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.

5. By elke onderwerp moet duidelike beplanning gedoen word. Dui die finale produk duidelik aan.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Linkerkantse bladsy	Regterkantse bladsy
<p style="text-align: center;">Beplanning:</p> <p>AFDELING A AFDELING B AFDELING C</p> <p>Hier is 'n voorbeeld van hoe beplanning gedoen kan word.</p> 	<p style="text-align: center;">Finale skryfstuk:</p> <p>Vraagnommer en onderwerp</p>

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

1.1 'N SELFOON KAN 'N MENS IN GROOT MOEILIKHEID LAAT BELAND.

'n Selfoon kan 'n mens baie help, maar ook in groot moeilikheid laat beland.

Skryf 'n opstel waarin jy **vertel** wat gebeur het toe jy 'n selfoon gebruik het en dit jou in die moeilikheid laat beland het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat het gebeur?
- Waar het dit gebeur?
- Watter moeilikheid het dit veroorsaak?
- Hoe is die probleem opgelos?
- Watter les het jy geleer?

[40]**OF**

1.2 **KOMPETISIES VERANDER ONS LEWENS.**

In ons land is daar baie verskillende kompetisies. Baie mense neem daaraan deel, want almal wil pryse wen. Wanneer jy 'n kompetisie wen, kan dit jou lewe baie verander.

Skrif 'n opstel waarin jy **vertel** van 'n kompetisie waaraan jy deelgeneem en wat jy gewen het.

Hou die volgende in gedagte:

- Aan watter kompetisie het jy deelgeneem?
- Waar en wanneer het die kompetisie plaasgevind?
- Wat moes jy alles doen?
- Wat het jy gewen?
- Hoe het dit jou lewe verander?

[40]

OF

1.3 **DIE DAG TOE EK BESEF HET DAT MY OUERS DIE BESTE IS.**

Jou ouers het jou uit groot moeilikheid gehelp. Al baklei julle soms, weet jy nou dat jy wonderlike ouers het.

Skrif 'n opstel waarin jy **vertel** wat daardie dag gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat het gebeur?
- Hoe het jou ouers jou gehelp?
- Hoe voel jy nou oor jou ouers?

[40]

OF

1.4 EK HET DIT VERLOOR!


Jy het iets belangriks verloor en dit het jou baie ongelukkig gemaak, want dit wat jy verloor het, was baie spesiaal.

Skryf 'n opstel waarin jy **vertel** wat jy verloor het en hoe dit jou lewe verander het.

Hou die volgende in gedagte:

Vertel ...

- wat jy verloor het.
- hoe en wanneer jy dit verloor het.
- waar jy was toe jy dit verloor het.
- hoe jy gevoel het toe jy dit verloor het.
- hoe jy nou daarsonder moet klaarkom.

[40]**OF****1.5 DIE KRAG IS ALWEER AF!**

Jy kom baie laat by die huis aan. Jy is moeg en baie honger. Jy wil graag eet, ontspan en na jou geliefkoosde TV-storie kyk. Skielik gaan die krag af. Dis alweer julle omgewing wat sonder krag is.

Skryf 'n opstel waarin jy 'n nag sonder elektriese krag **beskryf**.

Hou die volgende in gedagte:


Beskryf...

- hoe jy voel as die krag afgaan.
- wat alles verkeerd gaan: stoof, yskas, televisie.
- hoe julle omgewing lyk as die krag afgaan.
- hoe jy en jou familie probeer om die probleem op te los.

[40]**TOTAAL AFDELING A: 40**

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

- Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

2.1 KOM SAAM MET VAKANSIE!

Julle gesin wil in Desembermaand gaan vakansie hou. Jy wil jou maat saamnooi sodat julle dinge kan saamdoen.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy hom/haar uitnooi om saam met julle te gaan vakansie hou.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoekom wil jy hê dat die persoon moet saamgaan?
- Waar gaan julle vakansie hou?
- Wanneer ry julle en wanneer kom julle terug?
- Wat gaan julle alles doen?

[20]**OF**

2.2 GESPREK MET MY BROER.

Jy is bekommerd oor jou broer. Hy het verlief geraak op 'n meisie wat voorheen baie rondgeslaap het. Jou broer weet dit nie. Jy wil hom graag waarsku, al is jy bang dat hy vir jou sal kwaad word.

Skryf die **dialog** tussen jou en jou broer neer.

Begin so:

Ek: Hallo Peter, ek is bekommerd oor jou. Kan ons gesels?

Peter: Ja, wat is verkeerd? Hoe kan ek help?

LET WEL: Daar moet 'n reël oop wees tussen elke spreekbeurt.
Jy mag nie vloekwoorde gebruik nie!

[20]**OF****2.3 'N KORTVERHAAL WAT EK GELEES HET.**

Jy het 'n interessante kortverhaal gelees. Ander leerlinge moet weet dat dit 'n uitstekende storie is en daarom gaan jy 'n resensie in julle skoolkoerant publiseer.

Skryf nou 'n **resensie** oor die kortverhaal wat jy gelees het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat is die titel van die kortverhaal?
- Wie is die skrywer?
- Wie is die belangrikste karakters in die verhaal?
- Waaroor gaan die storie?
- Waarom wil jy hê dat ander mense die verhaal moet lees?

[20]**OF**

2.4 ONS SKOOL SE SWAK MATRIEKUITSLAE.

Jy voel baie ongelukkig oor julle skool se swak matriekuitslae van verlede jaar. Daar word baie verskillende redes gegee waarom die uitslae so swak was.

Skryf 'n **brief** aan die koerant waarin jy vertel hoe swak die uitslae was, wat dit veroorsaak het en hoe dit reggestel kan word. Gebruik die volgende adres: Die Beeld, Posbus 651, Durban, 4000.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoeveel leerders in julle skool het die graad 12-eksamen geskryf?
- Hoeveel het nie geslaag nie?
- Wat is die redes vir die swak uitslae in julle skool? Noem minstens DRIE redes.
- Wat dink jy moet gedoen word om die uitslae te verbeter? **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KORTER TEKSTE**VRAAG 3**

- Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

3.1 MY NUWE WERK

Jy het baie ver van jou huis af werk gekry. Jy is baie gelukkig in jou nuwe werk. Jy het 'n poskaart met 'n mooi foto van die dorp daarop gekry wat jy vir jou ouers wil stuur.

Skryf 'n boodskap aan jou ouers op die **poskaart** en vertel hulle van jou nuwe werk.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar werk jy?
- Wat moet jy alles by die werk doen?
- Waar bly jy?
- Hoekom is jy gelukkig waar jy is?

Trek die poskaart hieronder in die volgende formaat in die ANTWOORDEBOEK oor en skryf jou boodskap daarop.

		SEËL
	ADRES:	

[20]**OF**

3.2 ONS LAASTE PARTYTJIE SAAM!

As die laaste vraestel klaar geskryf is, wil julle matrieks 'n groot partytjie hou. Jy moet die uitnodiging na hierdie partytjie uitstuur.

Skryf nou die bewoording van 'n algemene **uitnodigingskaartjie** na julle partytjie neer.

Hou die volgende in gedagte:


- Wie word genooi?
- Wat is die datum, tyd en plek van die partytjie?
- Wat moet hulle saambring?
- Wat moet hulle aantrek?
- Watter musiek sal daar wees?

LET WEL: Punte word vir die inhoud toegeken en nie vir die versiering nie.

[20]**OF****3.3 HOE OM 'N TOEBROODJIE TE MAAK.**

Jy werk in 'n restaurant se kombuis. 'n Nuwe persoon het nou daar begin werk en jy moet hom/haar leer hoe om eet- en drinkgoed voor te berei.

Skryf die **instruksies** neer hoe om 'n kaas-en-tamatie-toebroodjie te maak.

**[20]****TOTAAL AFDELING C: 20****GROOTTOTAAL: 80**